# PUBLIEKE DEELNAMEPROSES – UITNODIGING OM DEEL TE NEEM EN KOMMENTAAR TE LEWER

## AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING VIR DIE BOU EN BEDRYF VAN STROMWATER RETENSIEDAMME EN BESOEDELSINGSBEHEERDAMME AS VERWANTE INFRASTRUKTUUR VIR DIE GOEDGEKEURDE 60-JAAR ASBESTUURFASILITEIT (ADF) EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR VIR DIE KUSILE KRAGSTASIE NABY EMALAHLENI IN DIE VICTOR KHANYE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, MPUMALANGA PROVINSIE

Kennis geskiet hiermee van 'n aansoek om Omgewingsmagtiging (OM) en publieke deelnameproses in terme van die 2014 Omgewingsimpakbepalings (OIB) Regulasies (soos gewysig) en Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (No. 107 van 1998) [NEMA], deur Eskom Holdings SOC Beperk (Eskom). Dit is ingedien vir die ontwikkeling van vertraagdamme en Besoedelingsbeheer Damme (BCD's) as verwante infrastruktuur vir die goedgekeurde 60-jaar Asbestuurfasiliteit (ADF) en verwante infrastruktuur deur Eskom se Kusile Kragstasie. Die ADF en verwante infrastruktuur is geleë op Plaas Klipfontein 566 JR Gedeeltes 3, 7, 9, 10, 11, 19, 21, 25, 26, 30, 40, 41, 42, 43, 44, 45, 46, 47, 48, 49, 50, 51, 52, 53 en 54 naby Emalahleni in die Victor Khanye Plaaslike Munisipaliteit, Nkangala Distriksmunisipaliteit, Mpumalanga Provinsie.

Die ADF en verwante infrastruktuur projek *is reeds gemagtig ingevolge NEMA*; egter, die volgende bykomende gelyste aktiwiteit wat deur die 2024 gewysigde ontwerp van die stormwater retensiedamme en BCD's ontlok word, sal Omgewingsmagtiging (OM) vereis deur middel van 'n Omvangs- en Omgewingsimpakstudie (OIB) aansoekproses vanaf die Bevoegde Owerheid (in hierdie geval: die Nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DFFE))


- GN Nr. R. 325 van 07 April 2017: Lyskennisgewing 2 – Aktiwiteit Nr. 16."Die ontwikkeling van 'n dam waar die hoogste deel van die damwal, gemeet van die buitetoon van die wal tot die hoogste deel van die wal, 5 meter of hoër is, of waar die hoogwatermerk van die dam 'n area van 10 hektaar of meer beslaan."

**Die aankondiging en registrasietydperk van die NEMA OIB aansoekproses loop gelyktydig met die hersienings- en kommentaartydperk van die Konsep Omvangsverslag (KOV) (30 kalender dae vanaf 18 Oktober tot 18 November 2024)**

Die KOV is voorberei en is beskikbaar vir hersiening en kommentaar op die Eskom (www.eskom.co.za) en EPCM (www.epcmholdings.com) webwerwe [toeganklik via die 'Reports' oortjie en getiteld 'Eskom Kusile ADF Dams S&EIR'], sowel as die volgende publieke plekke:

| Pleknaam | Adres | Kontaknommer | Besigtigingsure |
|---|---|---|---|
| Phola Public Library | Phola, 2233 | 013 645 0094 | |
| Bronkhorstspruit Community Library | 44 Market Street, Erasmus, 1020 | 012 358 7122 | Mon-Fri: 9am-5:30pm & Sat: 9am-1pm |
| eMalahleni Main Library | 28 Hofmeyer Street, 1035 | 013 690 6229 | Mon-Fri: 8am-5pm |
| Delmas Public Library | Cnr Sarel Cilliers & Van Riebeeck Streets, 2210 | 013 665 2425 | Mon-Thurs: 9am-12:00 & 1pm-5pm<br>Fri: 9am-1:30pm & Sat: 8am-12pm |

Jy word uitgenooi om as 'n Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer, die KOV te hersien en kommentaar te lewer binne die OM-aansoekproses. B&GP's moet hul kommentaar saam met hulle naam, kontakbesonderhede (voorkeur metodes van kennisgewing, bv. e-posadres of faksnommer), en 'n aanduiding van enige direkte sake-, finansiële, persoonlike of ander belang wat hulle in die aansoek het, voorsien aan die kontakpersoon wat hieronder aangedui word binne die bogenoemde tydsraamwerk. Indien B&GP's hulp benodig om toegang tot die dokumentasie te kry, is hulle welkom om die onderstaande persoon te kontak.




**Om te registreer as 'n B&GP en/of om meer informasie be bekom, kontak asseblief:**

Independent Environmental Assessment Practitioner (EAP):
Ms Vici Napier
Cell: 078 278 2898
E-mail: vici.napier@outlook.com

**Publikasiedatum:** 18 Oktober 2024